

Universiteit van Pretoria

**PERSEPSIE EN REALITEIT IN 'N SISTEEMANALISE  
VAN VETERINêRE PRAKTYK**

**PROF. J.S.J. ODENDAAL**

# INTREEDEREDE: PROF. J.S.J. ODENDAAL, AS PROFESSOR EN HOOFD VAN DIE DEPARTEMENT VETERINÊRE ETIOLOGIE, FAKULTEIT VEEARTSENYKUNDE

1991

Irishman Johannes Lambert Odendaal is op 26 Junie in 1946 gebore in rustelose in Diep van Gony College, Galesburg in By-gegraad met 'n oud-Tuldie, Hans van Zyl en die geleerde, 'n vrou en 2 dogters. Hy behaal die BSc-graad in Chemie en Doekunde in 1967 aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, en die BVSc aan die Universiteit van Pretoria in 1971. Hy dien op die Aertsenwoordige Stelingsraad van die Houtkondes van Oos-Transvaal, in aanhang die Diermedisyne.

## PERSEPSIE EN REALITEIT IN 'N SISTEEMANALISE VAN VETERINÊRE PRAKTYK

### PROF. J.S.J. ODENDAAL

Intreerede gelewer op 7 Februarie 1991 by die aanvaarding van die Professoraat en Hoofskap van die Departement Veterinêre Etiologie, Fakulteit Veeartsenykunde, aan die Universiteit van Pretoria

Professor Odendaal lewer verskeie referate by nasionale kongresse en treë out as gadesien by Madunisa op. Hy word in 1989 die eerste Suid-Afrikaner wat op die reëlgevoerde van 'n nasionale kongres oor mens-dierinteraksies dien. Hy word gewaard op op verskeie vlakke van die internasionale tydskrif Anthropolos en die Tydskrif van die Suid-Afrikaanse Veterinêre Vereniging in dies. Ook is hy die redakteur van die tydskrif Medisyn, Die Tuinse Universiteit in Boston het hom geposeel om aan 'n reeksprogramme deel te neem van die tradisionele kunne van die Oerwêreld se mediese in die geneesmiddel soos in die vir die VSA. Hy is ook 'n belangrike rol in die opstel van 'n boek oor die diermedisyne wat op aanleiding van die Wêreld veterinêre vereniging gedien het. In 1990 word hy aangestel as Afrika-verteenwoordiger van die International Association of Human-Animal Interaction Organizations.

# INTREEREDE: PROF J S J ONDENDAAL AS PROFESSOR IN EN HOOF VAN DIE DEPARTEMENT VETERINÊRE ETOLOGIE, FAKULTEIT VEEARTSENYKUNDE

7 Februarie 1991

Johannes Stefanus Joubert Odendaal is op 26 Januarie 1946 gebore en matrikuleer in 1963 aan Grey Kollege, Bloemfontein. Hy is getroud met 'n oud-Tukkie, Hana van Zyl en die gesin het 'n seun en 2 dogters. Hy behaal die BSc-graad in Chemie en Dierkunde in 1967 aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, en die BVSc aan die Universiteit van Pretoria in 1971. Hy dien op die Verteenwoordigende Studenteraad asook die Huiskomitee van Onderstepoort, en ontvang die Dux-medalje.

In 1972 sluit professor Odendaal by 'n veeartspraktyk in Vanderbijlpark aan en in 1974 begin hy sy eie geselskapsdierpraktyk in Bloemfontein. Gedurende sy jare in privaattpraktyk dien hy op verskeie veteriniere komitees, stig die Bloemfonteinse Kliniese Groep van Veeartse en reël nege wetenskaplike kongresse.

Professor Odendaal dien as lid, voorsitter en president op verskeie nasionale en internasionale vakverenigings. In 1984 tree hy as stigtingsvoorsitter van die Studiegroep van Mens-dierkontak op, en in 1985 is hy as Bloemfonteinse van die Jaar benoem en ontvang ook 'n toekenning van die Suid-Afrikaanse Veteriniere Verenigings vir Kliniese Uitnemendheid. In 1986 word hy die eerste bekleër van die Epol-leerstoel in Geselskapsdiersoötegnologie en -voeding aan die Fakulteit Veearsenykunde. In 1988 verwerf hy die DVSc-graad aan die Universiteit van Pretoria met die titel: *Die rol van die geselskapsdier in die moderne gemeenskap, met spesiale verwysing na die betrokkenheid van die veearts.*

Professor Odendaal lewer verskeie referate by buitelandse kongresse en tree ook as gasdosent by Medunsa op. Hy word in 1989 die eerste Suid-Afrikaner wat op die reëlingskomitee van 'n internasionale kongres oor mens-dierinteraksies dien. Hy word gevra om op sowel die redaksie van die internasionale tydskrif **Anthrozoös** as die **Tydskrif van die Suid-Afrikaanse Veteriniere Vereniging** te dien. Ook is hy die redakteur van die tydskrif **Metgesel**. Die Tufts University in Boston het hom genooi om aan 'n driejaarprogram deel te neem ten einde 'n nasionale kurrikulum oor dierewelsyn en diere in die gemeenskap saam te stel vir die VSA. Voorts lewer hy ook 'n belangrike inset in die opstel van 'n beleidstuk oor dierewelsyn wat op uitnodiging van die Wêreld Veteriniere Vereniging geskied het. In 1990 word hy stigterslid en Afrika-verteenwoordiger van die International Association of Human-Animal Interaction Organisations.

Sedert 1986 het meer as 200 verslae, berigte, onderhoude en menings in feitlik elke publikasie van belang oor sy studieveld verskyn. Hy publiseer 25 artikels in gesubsidieërde en 41 in ander tydskrifte. Twee boeke betreffende 200 veearts-konsultasies het reeds vanjaar verskyn, en tans is hy besig om nog twee boeke, een oor waghonde en die ander oor honderasse te voltooi.

Professor Odendaal ontvang ses oorsese gasdosente en reël sedert 1986 altesaam nege wetenskaplike kongresse/seminare. Hy lewer 87 lesings op uitnodiging, waarvan 58 voor professionele gehore. Professor Odendaal lei ook 'n tweejaarprogram "Wat sê die Veearts", en neem aan sowat 70 onderhoude in 'n verskeidenheid programme oor die Afrikaanse en Engelse radiodienste, asmede die buitelandse diensdeel. Hy tree ook op by ongeveer 20 TV-programme, sowel plaaslik as oorsese.

Professor Odendaal is tans vir 'n DPhil in Sielkunde ingeskryf.

Dit is nou vir my aangenaam om professor Odendaal te versoek om sy profesorsorale intrede te lewer oor die onderwerp "Persepsie en realiteit in 'n sisteemanalise van veteriniere praktyk".

Prof D M Joubert  
VICE-KANSELIER EN REKTOR

# INTREEREDE : 7 FEBRUARIE 1991

## PERSEPSIE EN REALITEIT IN 'N SISTEEMANALISE VAN VETERINÊRE PRAKTYK

Prof J S J Odendaal  
Departement Veterinêre Etologie,  
Fakulteit Veeartsenykunde  
Universiteit van Pretoria  
Privaatsak X04, Onderstepoort, 0110

### 1. INLEIDING

Voordat die veterinêre praktyk onder die soeklig kom, word die begrippe persepsie en realiteit kortliks bespreek. Persepsies word gevorm vanaf die plek en tyd van waarneming, sowel as deur eksterne en interne invloede wat op die waarnemer werksaam is. Hierdie definisie word aan die hand van 'n eenvoudige voorbeeld, naamlik die waarneming van 'n bewegende trein verduidelik. Indien 'n persoon na die trein sou kyk vanaf 'n heuwel langs die spoor, óf van binne die trein, word verskillende waarnemings gedoen omdat dit van verskillende plekke gedoen word. As iemand nog nooit 'n trein gesien het nie en hy sien dit in die nag beweeg, sal die waarneming verskil van iemand wat die trein op 'n ander tyd, gedurende daglig waarneem. Eksterne invloede soos advertensies en promosies oor treinry kan persepsies van treinry laat verskil van die werklike blootstelling daaraan. Interne invloede soos vorige ondervindings, behoeftes, eie oortuigings en besluite, kan die ervaring van treinry ook beïnvloed. Sulke invloede kan treinry meer of minder aanvaarbaar maak. Persepsies word finaal gevorm wanneer die verstand deur middel van filtrasie sekere feite óf ignoreer, óf beklemtoon.

Hierdie voorbeelde toon aan hoe persepsies oor dieselfde fonomeen gevorm word, maar ook kan verskil. Dit hou natuurlik belangrike implikasies in vir die wetenskap, wat grootliks op waarneming en meting gebaseer is. Sulke relatiewiteit het die bekende Karl Popper laat verklaar:

“The emperical basis of objective science has thus nothing ‘absolute’ about it.”<sup>1</sup>

Sidney Harris is weer van mening dat wetenskap eerder afhang van die gedagtes van navorsers (di hul persepsies) as wat dit gebaseer is op akkurate metings. Hy sê:

“It is a mistake to believe that research is done in the laboratory. It is done in the head - the laboratory merely confirms or rejects what the mind conceives.”<sup>2</sup>

Bronowski sien die saak so:

“... those who think science is ethically neutral confuse the findings of science with the activity of science.”<sup>3</sup>

De Groot beweer ook dat individuele persepsies wetenskaplike ondersoeke kan beïnvloed. Sy sê:

“(The new paradigm) takes variables (such as values, ethical choices and emotional involvement) into account, rather than denying their legitimacy as part of the operations of scientists.”<sup>4</sup>

Ten spyte van hierdie indrukke van relatiwiteit is wetenskaplike metodiek en filosofie nie summier nutteloos nie. Dit is onnodig om sinies te raak oor die wetenskap bloot omdat dieselfde fenomeen deur verskillende persepsies beskryf of verklaar kan word. Elke persepsie mag elemente van die waarheid of dan realiteit bevat. Ek wil graag hierdie siening aan die hand van die sirkelkonsep verduidelik. (Fig 1). Hiervolgens kan oënskynlik twee kontrasterende idees albei bydra tot beter insig van die onderwerp of voorwerp van ondersoek. Die persepsies is nie onwaar omdat hulle relatiewe denke bevat nie, intendeel, hierdie denke werk eerder sinergisties deurdat dit bydra tot 'n vollediger beeld van die realiteit. Sommige waarnemers sal meer insig hê as ander weens vorige ondervinding of groter denke, maar elke eerlike persepsie, óf dit kleiner, groter of opponerend is, behoort by te dra om persepsie en realiteit in ooreenstemming met mekaar te bring. Daar bestaan in die ondersoek van elke fenomeen dikwels ook onbekende areas van ontbrekende realiteit. Dit is dalk wat A F Chalmers beskryf het as “unrepresentative realism”.<sup>5</sup>

Austin Brierly het gemeen dat hy nog baie boeke - te veel om op te noem - moet lees om sy kennis op datum te bring. Nogtans het al hierdie kennis hom so verwar dat die volgende oor hom geskryf is:

“His head was a buzzing hive of awakened but directionless ideas. There was Freud who said that we must acknowledge our own repressed desires, and Jung who said that we must recognize our archtypel patterning, and Marx who said we must join in the class struggle and Marshall McLuhan who said we must watch more television. There was Satre who said man was absurd though free and Skinner who said he was a bundle of conditioned reflexes and Chomsky who said he was a sentence-generating organism and Wilhelm Reich who said he was an orgasm - having organism. Each book Austin read seemed to him totally persuasive at that time, but they couldn't all be right ...”<sup>6</sup>

Volgens die voorgestelde sirkelkonsep kon hierdie waarnemers tog elkeen bygedra het tot ons begrip en realiteit van menswees. In 'n sekere sin kon hulle dus almal reg gewees het. Perspektief ontwikkel wanneer die plek, tyd en invloede wat die

persepsies help vorm het, in ag geneem word. Die probleem met persepsies ontstaan wanneer dit in plaas van in perspektief geplaas word, verabsoluteer word. Perspektivisme beteken dat multi-dissiplinêre benaderings veel kan bydra om tot realiteit te kom. Die implikasies van so 'n benadering is dat die sogenaamde harde en sagte wetenskappe 'n beter perspektief kan gee as hulle gesamentlik, in plaas van in opposisie met mekaar, bestudeer word. Dit beteken dat daar net een wetenskap sal wees, met minder dogma en kritiek, meer perspektief en realiteit en dalk ook meer nederigheid! Aristoteles het lank gelede reeds multidissiplinêre wetenskap as volg beskryf:

“The search for truth is in one way hard and another way easy - for it is evident that no one of us can ever master it fully, nor miss it wholly.

Each one of us adds a little to our knowledge of nature and from all the facts assembled, arises a certain grandeur”.<sup>7</sup>

Helaas, alle persepsies help nie noodwendig om realiteit vas te stel nie. Waarnemings kan ook van eenaardige plekke, op obskure tye en met negatiewe invloede gedoen word. Dit sal vanselfsprekend tot distorsie lei. Die moontlikheid bestaan dus dat persepsies so ver van die realiteit verwyder kan wees dat dit in werklikheid niks bydra tot beter insig nie. Sulke skewe persepsies word gou uitgewys as dit in perspektief geplaas word.

## 2. PERSEPSIES OOR VETERINÊRE PRAKTYK

Persepsies van die publiek en selfs van veeartse oor veteriniêre praktyk varieër oor 'n wye front. Indien hierdie uiteenlopende persepsies met die realiteite van praktyk in kontak kom, kan dit lei tot irritasies, skok en selfs konflik.

Persepsies deur die publiek oor veeartse in praktyk, is soms 'n geïdealiseerde moeder Theresa-beeld van mense wat vrywillig en met oorgawe hul lewens aflê om siek, beseerde en verwaarloosde diere te red, te versorg en te vertroetel. Waarvan sulke veeartse moet lewe is nie altyd duidelik nie, want die persone wat die veeartse so sien assosieer nie hierdie diens met onkoste en rekenings nie. Aan die ander kant van die spektrum is daar mense wat na veeartse verwys as perdedokters en slagters. Hulle meen dat veeartse 'n gesublimeerde wreedheid teenoor diere het, onbetrokke is by dierewelsyn, graag omstrede eksperimente op redelose diere uitvoer, eerder diere 'n genadedood toedien as om moeite met die dier te doen en dat sulke veeartse voortdurend bedreig voel deur ander professies of ander instansies wat by diere betrokke is. Sulke persone ervaar veeartse as menssku en wanaagepas. 'n Ander groep glo dat veeartse bloot materialisties geïntereerd is. Die veearts is slegs 'n negatiewe ekonomiese faktor in die aanhou van diere. Sulke persepsies lei tot vermyding van veteriniêre dienste en tot die selfbehandeling van diere. Dit

veroorzaak 'n bouse kringloop deurdat diere te laat vir veertse aangebied word, wat weer kostes vir die meer intensiewe behandeling verhoog. Die negatiewe persepsie word dus versterk deur 'n swakker prognose en hoër rekenings.

Gelukkig is alle persepsies oor veertse nie negatief of in die oortreffende trap nie. Baie mense sien die veerts as 'n professionele vertroueling, iemand wat dit goed bedoel met pasiënt en kliënt. Die veerts word gesien as 'n vriend van die gesin, iemand wat oor 'n wye veld kan adviseer en wat mens sowel as dier se behoeftes in ag neem. Tussen hierdie uiteenlopende sienings, wat almal elemente van die waarheid mag bevat, is daar nog talle nuanses van persepsies oor die veerts en sy praktyk by kliënte sowel as die breër publiek.

Onder die veertse is daar diegene wat in hul praktyk volkome self-aktualisasie ondervind. Hulle het lank gelede sekere persepsies oor hul toekomstige beroep gevorm wat 'n werklikheid geword het. Ander veertse ervaar hul beroep as 'n ontgogeling, hulle raak gefrustreerd en selfs bitter teenoor hul dagtaak. Hul persepsie oor die beroep wat hulle die studie laat aanpak het, en dit wat hulle nou moet hanteer, is totaal verskillend. Sulke veertse probeer gewoonlik die betrokkenheid by hul praktyk afskaal en vervang dit met ander belange. In uiterste gevalle verlaat hulle selfs die professie. Soos in die geval van die publiek, loop persepsies van veertse oor praktyk ook oor 'n breë spektrum.

Die botsing tussen persepsie en realiteit met betrekking tot die kliënt en die veerts teenoor veteriniere praktyk, is onaanvaarbaar. Om die situasie te verbeter sal persepsies en realiteit met mekaar in ooreenstemming gebring moet word en die spektrum van persepsies sal vernou moet word. Dit is natuurlik belangrik dat die profesie eers sy eie persepsie teenoor praktyk moet verander, waar nodig, voordat die publiek se persepsies nader aan realiteit gebring kan word. In hierdie opsig moet die proses tot realistiese persepsies begin word deur voornemende veertse in te lig oor praktyk-realiteite en om hulle daarvolgens te keur.

### **3. REALITEITE IN VETERINÊRE PRAKTYK**

'n Metode om 'n realistiese siening oor veteriniere praktyk te vorm, is die sisteemanalise. 'n Basiese sisteem is 'n georganiseerde struktuur wat bestaan uit essensiële komponente wat interafhanklik funksioneer. So 'n sisteembenadering gee perspektief op komplekse funksies en dit baan die weg vir multivlak-denke.

Die basiese sisteem van veteriniere praktyk bestaan slegs uit 3 komponente, naamlik die veerts, die pasiënt en die kliënt.<sup>8</sup> Die permanente afwesigheid van enige van hierdie interafhanklike komponente maak veteriniere praktyk onmoontlik. Hierdie basiese sisteem is egter 'n oop sisteem en elke komponent word deur invloed



van buite die konsultasiekamersituasie beïnvloed. (Fig 2). Al hierdie komponente vorm gesamentlik 'n supersisteem en die verskillende groepe van komponente wat die basiese komponente beïnvloed, vorm subsisteme. Soos enige biologiese sisteem is hierdie een ook dinamies van aard. Indien al die komponente se interaksies gelyktydig oorweeg word, is dit duidelik dat dit in geheel in 'n ingewikkelde sisteem kan ontwikkel. Die veearts se besondere posisie in hierdie sisteem beteken egter dat hy/sy 'n bepalende invloed op die ekwilibrium van die sisteem kan uitoefen.

Uit 'n analise van die praktyksisteem blyk dit duidelik dat die menslike aspek in die sisteem oorheers. Hierdie feit raak geensins die gespesialiseerde aandag aan die dierepasiënt nadelig nie en die twee aspekte word ook nie teen mekaar afgespeel nie. Om die waarheid te sê, so 'n **nuwe realisme** oor die menslike aspek in praktyk behoort nie net persepsies van publiek en moontlik veeartse positief te beïnvloed nie, maar dit behoort ook indirek die dierepasiënt te bevoordeel.

Net enkele gedagtes oor die begrip "nuwe" voordat dit in terme van die nuwe realisme bespreek word. Om iets nuuts te probeer sê of doen is natuurlik geen moderne neiging nie. Daar is al 2 000 jaar gelede van die Atheners gesê dat hulle hul tyd aan niks anders bestee as om iets nuuts te sê of te hoor nie. In die menslike geskiedenis kon daar in dié verband 'n insinking gedurende die Donker Eeue ge-wees het, maar die ebgety het slegs opgebou tot 'n vloed van nuwe denke tydens die Renaissance. Ons is vandag seker meer as ooit tevore beïndruk met die begrip "nuwe" en dit is nie net waar in die wetenskap nie, maar ook in die ekonomie, politiek, kuns en modes. Die mens se sterk ontwikkelende ondersoekende gedrag, om 'n etologiese term te gebruik, sal verseker dat hy nog in lengte van dae betoer sal word deur die begrip "nuwe". Daar kan egter drie sienings oor die begrip "nuwe" onderskei word. Die eerste is dat alles wat nuut is gebaseer is op ou beginsels, filosofieë, natuurwette en basiese grondstowwe. (Fig. 3). Ons bou bloot hierop voort en daar is dus in werklikheid niks nuut onder die son nie. Ons ontdek bloot wat altyd daar was. Hierdie siening is essensieël skepties en selfs sinies oor nuwe dinge. Die uitgangspunt van die tweede siening sluit aan by die Oosterse filosofie wat alles in die lewe beskou volgens die pendulumeffek of sikliese verloop daarvan (Fig 4). Soos elke dag of seisoen nuut is, is dit tog ook oud in die sin dat daar al van tevore baie dae en seisoene was. Die Sjinese verwys na die "yin" en "yang" wat in 'n vaste patroon afwisselend nuut na vore kom.<sup>9</sup> Hierdie siening is oorwegend deterministies en selfs fatalisties oor die nuwe. Die derde siening is dat alles wat nuut gebeur, net wonderlik en fantasties is. (Fig 5). Die nuwe kan beskryf word as altyd groter en beter in die Amerikaanse eksponent. Alles wat verander na iets nuut is noodwendig goed en vordering. Die mens kan met verwondering 'n euforiese en ewige evolusie ervaar waarvolgens die volgende nuwe, verbeterde model net om die draai wag. Hierdie siening kan as

optimisties dog naïef beskryf word.

As hierdie sienings van “nuut” op die realisme wat die sisteemanalise na vore bring toegepas word, is daar waarskynlik plek vir al drie. Die menslike aspek van veeartspraktyk is nie as sulks nuut nie, al sou daar ’n nuwe realisme daaroor posgevat het. ’n Mens kan ook redeneer dat hierdie nuwe klem slegs ’n pendulum-effek is of siklies van aard is, wat weer sal verskuif. Nog ’n siening is dat hierdie aspek tot redelik onlangs totaal afwesig was in veteriniere literatuur en opleiding. In hierdie sin is die nuwe realisme ’n totaal nuwe insig.

Ongeag hoe die menslike aspek van veteriniere praktyk geëvalueer word, die sisteemanalise toon onomwonde aan dat dit realisties is om hierdie aspek as van die aller grootste belang te beskou. Die sisteemanalise verskaf daardie perspektief wat nodig is om die nuwe realisme te begryp en dit kan aangewend word om persepsies oor veteriniere praktyk nader aan hierdie realiteit te bring.

#### **4. EKSTERNE INVLOEDE OP VETERINÊRE PRAKTYK**

Ten spyte daarvan dat die veeartse ’n groot invloed op die persepsies van die publiek oor die veteriniere professie kan uitoefen, is daar eksterne invloede wat weer op hulle beurt ’n effek op die veeartsprofessie het. Veral twee eksterne ontwikkelings die afgelope dekade, het die menslike aspek van praktyk meer relevant gemaak. Die een was die herevaluasie van veeartsetiek in die lig van die opkoms van die diereregtebewegings en die tweede was die erkenning van die studieveld van mens-dierinteraksies. Hierdie twee invloede word kortliks bespreek.

##### **4.1 Veeartsetiek en diereregtebewegings**

Diereregte- en dierbevydingsbewegings met ’n nivelleringsfilosofie wat “mens-diere” en “nie-mense” dieselfde waarde (of gebrek aan waarde) toeken, het die veteriniere professie gedwing om weer eens na die filosofiese grondbou van sy eie etiek te kyk.<sup>10</sup> Die implikasies van so ’n gelykheidsdrywing is dat daar geen verskil meer sal wees tussen die veteriniere en die mediese professies nie, aangesien alle spesieverskille opgehef sal wees. Van hierdie filosowe glo dat die veeartse bloot nie bewus is van hierdie morele vraagstukke wat hul professie direk raak nie en meen hulle kan ’n groot bydrae tot veeartsetiek maak. Hulle glo dat die lig spoedig vir veeartse sal deurbreek sodat hulle óók die diereregtefilosofie sal aanvaar. Die reaksie van die veteriniere professie was dat ’n spesiale komitee van die Wêreld Veteriniere Vereniging in 1989 in Parys ’n beleidsdokument oor die saak opgestel het.<sup>11</sup> Hierin egter, word ’n benadering van menslike verantwoordelikheid teenoor diere gestel, bó die gelykheidsiening. Die unieke posisie van die mens en die orde in die natuur word erken en die tradisionele rol van die veearts-

praktyk word bevestig. Die teenstanders van hierdie benadering mag dit spesiesisme noem, maar 'n veearts se praktyk word net in stand gehou as hy vir mense en mét diere werk. Uit hierdie besluit is dit duidelik dat, toe veeartsetiek aan druk onderwerp was, dit die keuse gemaak het om die etiek volgens die menslike aspek van praktyk te oriënteer. Die kliënt is deel van die menslike verantwoordelikheid teenoor diere en die veearts moet sy kliënte so by sy etiese optrede betrek dat diere daardeur bevoordeel kan word.

Die aanslag van die diereregtegroepe is lank nie verby nie en etiek as persepsie kan ook deur plek, tyd en invloed, aangepas word. Die veteriniëre profesie moet egter voortdurend waak teen omstredende moraliteite, ongebalanseerde sienings en absurditeite moet verwerp word. Die profesie kan nie sprakeloos sulke debatte gadeslaan asof hulle geen eie standpunt het nie. As hulle wil deelneem aan die proses om realistiese persepsies te vorm, moet hulle hul siening amptelik en in die openbaar stel. Veeartsetiek kan nie willoos onderwerp word aan persepsies wat distorsies ondergaan het nie. Die etiek moet wel die huidige sensitiwiteit teenoor diere in ag neem en kan afsonderlike standpunte onder andere oor die volgende sake formuleer:

- Die reg van die mens om geselskapsdiere aan te hou en hulle te gebruik as werksdiere en in 'n terapeutiese situasie, want sommige mense sien dit as 'n vorm van slawerny.
- Intensiewe diereproduksie, die sogenaamde biologiese masjiene en die eet van vleis. Sommige mense sê dat veeartse die enigste dokters is wat hul pasiënte eet.
- Doeltreffende owerheidsbeheer oor diere, van plaaslike sowel as die Staatsinstansies. Sommige filosowe voel dat diere die demokratiese reg het om vry te beweeg en onbeheersd te teel.
- Die rol van die veteriniëre industrie wat dikwels daarop gemik is om onnatuurlike behoeftes vir diere te skep sodat die industrie groter wins kan maak. In dié geval is die bemerking eerder op menslike oorreding gerig om meer geld te spandeer as wat die diere daarby baat.
- Die kwessie van kosmetiese chirurgie en die teel van diere met ongesonde raseienskappe om die mens se oog te streel.
- Die manipulasie van diere se produksie en reproduksievermoëns om suiwer menslike behoeftes te bevredig.
- Daar is ook mense wat ernstige bedenkinge het oor die motiewe van die dierewelsynsbedryf en wat dit sien as verplaasde menslike gedrag.
- 'n Ander omstredende saak is dieretuine en wildbewaring vir profyt.

- Die gebruik van proefdiere is lankal 'n saak van dispuut tussen wetenskaplikes en moraliste.
- Die gebruik van diere vir sport en vermaak word toenemend bevestig.

Daar mag vele ander sulke punte van bespreking wees of later opduik, maar hierdie is die geleentheid waar die veteriniere professionele persepsie en realiteit nader aan mekaar moet bring.

## 4.2 Mens-dierinteraksies

Die studieveld van mens-dierinteraksies het die afgelope dekade amptelike en internasionale erkenning gekry en dit raak die veearts in praktyk ten nouste.<sup>12</sup> Die konsultasiekamer is waarskynlik die plek waar die sterkste persesies oor die veearts gevorm word. Tydens konsultasie in 'n intense kontaksituasie is die veearts voortdurend betrokke by interaksies tussen mens (kliënt) en dier (pasiënt). Sulke kontak streek van die dier se lief en leed totdat die band tussen eienaar en dier, dikwels deur die dood, verbreek word. Dit is duidelik dat die veearts nie net by die een kant van die band betrokke sal kan raak nie. 'n Band impliseer nie net twee partye nie, maar ook dat dit 'n soort eenheid vorm. Veeartse sal moet besef dat die kliënt en sy emosies net so 'n realiteit is as die pyn en lyding van hul dierepasiënte.<sup>13</sup> Hierdie studieveld bevestig weer eens die belang van die menslike aspek van praktyk. Die kliënt as 'n integrale deel van veteriniere diens word aan die hand van twee onderwerpe bespreek.

### 4.2.1. Genadedood

Die toediening van genadedood skep soms ernstige etiese vrae.<sup>14</sup> Kliënte kan van 'n veeartse verwag om gesonde diere wat nog tot nut kan wees, 'n genadedood toe te dien. Die kliënt se motivering kan bloot selfsugtig van aard wees en die dier word net as 'n vervangbare voorwerp gebruik. Mag die veearts so 'n diens weier en op watter gronde? Word die belange van die pasiënt of die kliënt voorop gestel? In hoeverre berus die etiese oorwegings van so 'n besluit by die kliënt en hoeveel by die veearts? Watter effek het die standpunt van 'n veearts wat so 'n diens weier as die kliënt wel so 'n diens by die volgende veearts kan kry? Of wat is die veearts se posisie as die kliënt besluit om self 'n ongenadige dood aan die dier toe te dien óf as hy bloot die dier op sy eie laat? Dan beteken die veearts se standpunte tog niks.

In 'n teenoorgestelde situasie kan kliënte aandrang op voortgesette behandeling in hopelose, onomkeerbare gevalle. So word die dier se lyding in werklikheid onnodig verleng en soms vererger. Hieruit is dit duidelik dat die veearts sy kliënt so sal moet inlig dat die kliënt rassionele besluite kan neem. Die veearts se kommunikasie met sy kliënt sal van deurslaggewende belang wees om uiteindelik 'n

besluit te neem wat dui op menslike verantwoordelikheid teenoor die dier. Hier, waar die veearts in teenwoordigheid van die publiek met etiese probleme gekonfronteer word, kan sy optrede grootliks bydra om persepsies oor veeartse in ooreenstemming met veeartspraktyk se realiteit te bring.

Daar moet aanvaar word dat genadedood deel uitmaak van veteriniere dienste. Oorwegings oor genadedood kan egter nie gemaak word deur die dier alleen in ag te neem nie en ook nie deur die mens alleen in ag te neem nie. Die verhouding tussen hierdie twee komponente van die sisteem moet oorweeg word. In die geval van geselskapsdiere is daar ook soms meer as een verhouding betrokke as die dier aan 'n gesin behoort. 'n Mens kan aanvaar dat hierdie individuele verhoudings met die dier selfs tussen man en vrou kan verskil en elke kind se verhouding tot die dier kan ook 'n rol speel. Dit beteken dat 'n dier nie net summier doodgemaak kan word nie. Al hierdie mens-dierinteraksies kan die saak vir die veearts kompliseer, maar dit kan hom ook help om tot 'n eties-verantwoordbare besluit te kom.

#### 4.2.2. Finansiële oorwegings in praktyk

As 'n mens die klagtes van kliënte teenoor veeartse analiseer, is die kwessie van te hoë veeartsgelde vir dienste gelewer een van die heel belangrikste knelpunte.<sup>15</sup> Soms word die beste en mees gesofistikeerde behandeling vir 'n dier verwag, maar as die rekening betaal moet word, is die waardevolle en geliefde troeteldier nie meer as sy koopprys van R10 werd nie. Veteriniere behandeling kan egter nie aan sulke waardes gekoppel word nie. In die eerste plek moet veeartsgelde werklike onkoste dek en tweedens moet dit 'n billike bestaan vir die veearts verseker. Die spesifieke waarde (selde die koopprys) wat die kliënt aan die dier heg, sal bepaal hoeveel die kliënt bereid is om op veeartsbehandelings te spandeer. Hierdie waarde kan in terme van die dier se nuttigheid óf in terme van sy sentimentele of emosionele waarde bepaal word. Die verhouding tussen kliënt en pasiënt wat die waarde van die dier bepaal, bepaal dus ook tot 'n groot mate die voortbestaan van die veearts. Finansiële oorwegings deur kliënte is dus 'n beperkende faktor in die lewer van veteriniere dienste en daar is gevalle waar kliënte eerder die dood van die dier verkies bo die onkoste aan die behandeling daarvan. Die implikasie van die erkenning van mens-dierinteraksies in praktyk is dat die aanvraag en behoefte aan veeartsdienste nie deur die hoeveelheid of blote teenwoordigheid van diere bepaal word nie, maar deur kliënte wat 'n groot genoeg waarde aan hul diere heg om veeartsgelde te regverdig. Dit is hieruit duidelik dat die veearts nie net 'n uitmuntende klinikus moet wees om die dier suksesvol te behandel nie, maar dat hy ook 'n kliënt moet wen om sy voortbestaan te verseker. Die kliënt is nie net die persoon wat die veearts vergoed nie, maar is volgens studies steeds die belangrikste advertensie vir 'n praktyk.<sup>16,17,18</sup>

Ten spyte van sekere kliënte wat bereid is om feitlik enige koste vir hul diere aan te gaan moet veearts dit egter goed oorweeg in hoeverre hulle hoogs gesofistikeerde dienste in hul praktyke gaan akkommodeer. Sou dit nie beter wees om veearts-dienste so te struktureer dat dit eerder die gemiddelde kliënt in gedagte hou en die gespesialiseerde werk verwys nie? Is dit eties verantwoordbaar dat die gemiddelde kliënt hoogs gevorderde en duur behandelings vir enkele kliënte subsidieer? Word hierdie duur behandeling nie soms aangebied ter wille van die veearts se eie ego nie? Veeartsdienste moet markverwant wees en gekoppel aan die breedste moontlike dienslewering. Wit olifante in terme van duur apparaat wat slegs kunsmatige behoeftes vervul, moet bevraagteken word. Verdere vrae oor finansiële aspekte wat soms deur die publiek gevra word, is as volg: Is dit reg dat 'n veearts 'n kliënt "vang" om 'n groot bedrag op die diere te spandeer sonder dat die kliënt daarop voorbereid is? Mag hospitale kunsmatig beset word om sulke fasiliteite ekonomies te regverdig? Mag professionele gelde verhoog word terwyl 'n praktyk se bestuur nie doeltreffend en produktief is nie? Sou dit nie tot 'n beter gemeenskapsdiens lei as roetiewerk, die sogenaamd brood en botter inkomstes, teen 'n billiker prys maar oor 'n wyer front beskikbaar gestel word nie? 'n Mens besef dat so 'n voorstel baie ongewild in die privaatsektor is, maar dit is moontlik dat die impak van so 'n besluit daartoe sal lei dat die veearts se brood aan albei kante gebotter word. Dit kan nie net die veearts bevoordeel nie, maar ook sy kliënte en pasiënte.

Geen goedkoop, lae vlak veeartsdiens word bepleit nie. 'n Professionele minimum standaard moet gehandhaaf word, maar dan 'n professionalisme wat nie noodwendig met hoë gelde en indrukwekkende apparaat geassosieer is nie, maar met gemeenskapsdiens. 'n Vooraanstaande veearts van die VSA, Alton Hopkins<sup>19</sup> se definisie van veteriniere professionalisme kan as voorbeeld dien van wat so 'n gemeenskapsdiens verwag word. So 'n benadering behoort meer as een verkeerde persepsie oor veeartspraktyk nader aan realiteit te bring en hierdie realiteit sluit die behoeftes en vermoëns van kliënte in.

Nog 'n aspek wat die praktyk finansiël raak, is kliënte wat hul moraliteit aan die veearts oordra.<sup>20</sup> 'n Persoon, dikwels nie 'n bona fide kliënt nie en dikwels na-ure, bring 'n beseerde of siek, eienaarlose diere in vir behandeling. So 'n persoon dring daarop aan dat sulke diere onmiddellike, intensiewe en gratis behandeling moet ontvang. Die persoon voel dat sy/haar barmhartigheid slegs tot by die aanbieding van die pasiënt strek en daarna **moët** die veearts die barmhartigheid verder voer. Daar bestaan geen twyfel dat veeartse dikwels die situasie so aanvaar en help nie. Die vraag is nie óf veeartse barmhartig is of nie, want daar is baie gevalle wat hierdie eienskap kan staaf, maar die vraag is óf daar 'n verpligte oordraging van moraliteit vanaf kliënt na veearts kan plaasvind. Barmhartigheid is tog 'n ongedwonge daad en in die klassieke geval van die barmhartige

Samaritaan is die barmhartigheid nie aan die herbergier oorgedra nie, maar die Samaritaan het al die onkoste gedra. Om hierdie realiteit by sekere kliënte tuis te bring vereis takt omdat die persepsie van wat die kliënt van die veearts verwag, nie daar en dan verander kan word nie. As veeartse egter gereeld sulke onvoorsiene onkoste moet dra, sal hulle dit van ander bronne in die praktyk moet verhaal en op dié manier weer ander kliënte benadeel. Die dilemma van 'n kliënt wat emosioneel veel, maar finansieel niks vir 'n verwaarloosde dier voel nie, toon op 'n ander wyse die belang van mens-dierinteraksies in praktyk.

## 5. SAMEVATTING

Dit is duidelik dat die veteriniëre professie 'n keerpunt bereik het. Die sisteemanalise, die herevaluasie van veteriniëre etiek in die lig van die opkoms van diereregtebewegings en veral die implikasies van die mens-dierinteraksie as multidissiplinêre studieveld, het bygedra om die nuwe realisme oor die menslike aspek van veeartspraktyk te aksentueer. Gevestigde persepsies verander nie vinnig nie, nogtans sal hierdie ontwikkelings beslis persepsies van sommige veeartse, en uiteindelik ook die van die publiek, beïnvloed. Alhoewel eksterne invloede 'n rol kan speel, is dit steeds die veearts in die praktyk wat die grootste bydrae kan lewer om persepsies en realiteit al hoe meer in ooreenstemming met mekaar te bring.

Om te verseker dat veeartse voorbereid is om die nuwe realisme tot sy volle reg in praktyk te laat kom, moet hulle daarvoor opgelei word. Levinson, 'n psigiater van New York, se voorspelling oor die veearts se taak in praktyk was reeds in 1975 as volg:

“In the year 2000 the training and functioning of veterinarians will have changed radically. The veterinarian will become involved in the emotional life of the family whose pet he treats. He will become aware of the meaning of the pet to its owner. The veterinarian will become an accepted and honoured member of the mental hygiene team”.<sup>21</sup>

Veeartse wat pas gekwalifiseer het, moet bereid en gereed wees om hierdie volledige gemeenskapsdiens te lewer. Die realiteit van moderne praktyk is dat, ten spyte van veeartse se kliniese en tegniese bekwaamheid met die pasiënt, hy nie sy sosiale verantwoordelikhede teenoor sy kliënte sal kan ontsnap nie. Studente sal opgelei moet word om die pasiënt/kliënt as 'n eenheid te hanteer. Hulle sal 'n mensverantwoordelike-etiek moet ontwikkel wat in praktyk verdedig kan word in die lig van die huidige sensitiwiteit teenoor diere. Die student sal nie net kennis moet hê van dieresiektes en die behandeling daarvan nie, maar ook kennis van sy kliënt se menslike emosies en gedrag. Dit sal uiteindelik die verskil beteken tussen 'n biologiese werktuigkundige en ware professionalisme.

Sedert die eerste formele veeartseny-opleiding meer as 2 eeue gelede in Frankryk begin het, is daar tot nou toe intensief aandag gegee aan die dierepasiënt en die oplossing van sy probleme. Oor hierdie tydperk is tred gehou met die nuutste ontwikkelings op die terrein van die biologiese wetenskappe en is daar vandag talle voorbeelde van tegniese samewerking tussen veearts en ander spesialis-natuurwetenskaplikes. Die veeartsenykunde van die een-en-twintigste eeu behoort egter ook gekenmerk te word deur brûe wat tussen veeartse en mens-wetenskaplikes gebou word. Veeartse kan die leiers wees in die vorming van een wetenskap, maar dan moet hulle daarvoor voorberei en opgelei wees.

### VERWYSINGS

1. Popper, K R 1968. *The Logic of Scientific Discovery*, Hutchinson, London: 111
2. Austin, J C 1987. On the philosophy of research. *S A Council of Natural Scientists, Bulletin 3*, November 1987
3. Bronowski, J 1956. *Science and Human Values*. Harper & Row, New York
4. De Groot, A 1984. Preparing the veterinarian for dealing with emotions of pet loss. In: *The Pet Connection*, University of Minnesota, Minnesota: 288
5. Chalmers, A F 1982. *What is this thing called Science?* University of Queensland Press, Queensland: 161-170.
6. Barnett, S A 1988. *Biology and Freedom*. Cambridge University Press, Cambridge: 221
7. Aristotle 350BC
8. Odendaal, J S J 1988. Die dinamiese sisteem van 'n veeartskonsultasiekamer. *S A Veterinary Medicine Vol 1(1)*: 12-16
9. Capra, F 1982. *The turning point*. Simon and Shuster, U S A: 18
10. Odendaal, J S J 1988. Die veearts en diereregte. *Tydskrif van die Suid-Afrikaanse Veterinêre Vereniging Vol 59(2)*: 87-97
11. Pappin, B H 1989. Report back on World Veterinary Association in Paris. *Vetnews 9*: 22-23
12. Odendaal, J S J 1989. 'n Histories perspektief of mens-dierinteraksies as studieveld. *Tydskrif van die Suid-Afrikaanse Veterinêre Vereniging Vol 60(3)*: 169-177



13. Odendaal, J S J; Weyers, A 1990. Human-animal relationships in the veterinary consulting room. ***Journal of the South African Veterinary Association Vol 6(1): 14-23***
14. Odendaal, J S J 1986. Die rol van die veearts tydens die verlies van 'n geselkapsdier. ***Tydskrif van die Suid-Afrikaanse Veterinêre Vereniging Vol 57(3): 145-149***
15. Odendaal, J S J 1990. Verslag van die Advieskomitee oor Etiese Sake. ***85ste Jaarvergadering SAVV: 28***
16. Richardson, P J 1976. A survey of the attitudes of Sydney pet owners to veterinary services. ***Australian Veterinary Journal Vol 52: 105***
17. Chamala, S; Crouch, B R 1981. A survey of pet owner views of veterinarians in Brisbane environs - a behavioural approach. ***Australian Veterinary Journal Vol 57: 485***
18. Coles, S 1990. Do you really know your clients? ***Australian Veterinary Practice Vol 20(2): 102-104***
19. Hopkins, A F 1980. Our responsibility to understand client needs. ***Norden News 3: 12-14***
20. Anonymous 1990. Proposed ethical code for veterinary surgeons. ***Letter to the Editor, Vetnews 4: 6***
21. Levinson, B M 1975. Forecast of the year 2000. In: ***Pet Animals and Society***. Ed: Anderson, R S. Ballière Tindall, London: 155-159.

Fig 1:

# SIRKELKONSEP: PERSEPSIES EN REALITEIT





Fig 2:

# SISTEEMANALISE VAN 'N VETERINÊRE PRAKTYK



# SIENINGS OOR DIE BEGRIP "NUWE"

Fig 3:

Niks nuuts onder die son nie




Fig 4:




Fig 5:

